HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 06 van 2026

20 Januarie 2026

Geagte Ouer/Voog,

Ek deel graag met u die volgende nuus rakende akademie. Mev. Nita Mouton, 'n senior Wiskundige Geletterdheidsonderwyser, gaan aan die einde van die eerste kwartaal bedank en slegs deeltyds by die skool betrokke wees, aangesien sy na die privaatsektor toe gaan. Ons wil dus pro-aktief optree en haar graad 12 klas so gou moontlik skuif. Daarom sekere skuiwe op die rooster wat noodsaaklik is. Sy sal egter haar ander klasse waarneem, totdat 'n geskikte onderwyser aan die begin van die tweede kwartaal, dié klasse by haar sal oorneem.

- Mev. Mouton se graad 12 kombinasie 2 klas skuif dus nou na mnr. Birkenstock.
- Dit veroorsaak egter dat mnr. Birkenstock se LO-periodes na 'n ander onderwyser moet verskuif.
- Terselfdertyd word die graad 8 A, B en C klasse se Tegnologie na 'n ander onderwyser verskuif.

Ons wil graag die skuif Maandag, 26 Januarie implimenteer en sal sorg dat alle betrokke leerders 'n nuwe rooster ontvang.

Vriendelike Randjiegroete

_____
E. Mans
Adjunk-hoof: Akademie

_____
P. Booysen
Skoolhoof